Sing vooraf: Psalm 146:1, 5 (p. 700)

1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.

5 Dis die HEER wat aan die arme
in sy druk laat reg geskied,
wat uit liefderyke erbarme
hongeriges spyse bied;
wat gevang'nes vryheid skenk
en hul in hul smart gedenk.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 93:1, 4 (p. 470)

1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlikheid
wat Hom omstraal, is enkel majesteit.
En deur sy krag, wat enkel triomfeer,
hou alles stand, dit wankel nimmermeer.

4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou,
beloftewoord sal U vir altyd hou.
U tempel sal, wat ook om ons vergaan,
net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 95:4 (p. 478)

Wet

Psalm 95:4 (p. 478)

4 Hy's onse God en Herder, Hy, / en ons die skape van sy wei
wat uittrek onder sy beskerming. / As jul vandag sy roepstem hoor,
verhard jul nie, maar neig jul oor, / merk op die roep van sy ontferming.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 86:3 (p. 432)

3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.

Skriflesing: Romeine 7

Teks: Romeine 7:14

Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. (Romeine 7:14 AFR1953)

Ons weet tog die wet is geestelik, maar ek is aards en soos 'n slaaf aan die sonde verkoop.

(Romeine 7:14 AFR1983)

. . . maar ek is aards en soos ’n slaaf aan die sonde verkoop.

Hierdie is ’n saak van dood en lewe. Mis ek my doel in die lewe of nie?

Die apostel Paulus was self in ’n baie diep stryd gewikkel.

- Hoe baie tel mens se goeie werke by die Here?
- Jy kan tog nie met ’n lewe waarin jy niks goeds doen by God opdaag en wil verwag dat die Here jou in die hemel gaan ontvang nie?!

Maar daar is ’n ander kant ook:

- As ek so baie goeie werke het, het ek dan die genade van die Here Jesus Christus nodig – want dan is ek mos half-en-half goed en mans genoeg vir die duiwel?

Dit gaan dus hier oor God se Wet.

- Vir die doel van hierdie preek aanvaar ons nou dat Paulus met die wet bedoel: God se Woord.
- En dan veral die gebooie.

Jy kan met die Wet een van twee dinge doen:

- Jy kan óf dink jy lewe foutloos volgens die Wet.
    - Jy sit dan vasgevang in ’n hele vrag vol geestelike verwaandheid.
    - Jy sien die genade van God tweede, want eerste is daar jou eie onberispelike lewe.
- Óf jy kan jouself net sommer hopeloos in ’n hoekie gaan neersit en sê: Ag nee wat, die Wet is hopeloos te moeilik – ek dop die toets van die begin af.

In al twee dié gevalle is jy besig om met die dood handjies te houvas. Die waarheid is tussen hierdie twee uiterstes, en ook baie moeiliker as een van hulle twee.

Ons baklei teen die sonde, want die ***sonde*** bring vir ons die ewige dood.

- Die nie die Wet wat die dood veroorsaak nie.
- Dit is ook nie die Here wat die dood veroorsaak nie.
- *Net die duiwel en die sonde bewerk die dood oor ons.*

Net hier pas die Wet. Die Wet is die lineaal waarmee ons kan meet waar ons en die sonde met mekaar staan.

- Ons moet onthou dat ons met ’n lineaal – die Wet – deur elke dag van ons lewe gaan.
- Ons moet voortdurend ons verhouding teen die dood meet, sodat ons die kontras tussen die dood wat ons verdien en die genade wat die Here ons gee – dié genade wat Hy ons in sy Woord leer. Dit is dié genade dat Hý vir ons die ewige lewe afmeet.

Die apostel Paulus het baie gedink oor die Wet van die Here.

- Uiteindelik het hy besef dat die Wet heeltemal ’n geestelike saak is.
- Die Wet handel in alle opsigte oor die Here se wil en oor die ewige lewe.

Die probleem is dat ons lewe baie stukkies en dele het wat ’n totaal ander karakter dra.

- Ons het dikwels ’n sterk aardsgebonde optrede: Ons sondes!
- Hier pas die Wet – die Wet wys ons hoe skrikwekkend ons sondes is.

Hiervandaan kom die diep ontroerde uitroep van Paulus in vers 14: *Ek is aards en soos ’n slaaf aan die sonde verkoop.*

Die sonde slaan baie diep in elke mens in:

- Ons almal ken die Wet,
- en ons stem ook in met die Wet,
- maar die sonde kom tog en val ons aan.

Maar kyk net waar val die sonde ons aan: Hy verander nie net ons wil nie – hy verander ook ons werke.

Vers 15 beskryf die belewenis van die mens wat sonde doen:

- *Jy begryp nie waarom jy dit doen nie, want jy stem saam dat die Wet reg is en dat dit behoort gedoen te word.*
- *Maar dit gebeur so dat die sonde só met jou werk dat jy presies die teenoorgestelde gaan doen.*
- *Hier ervaar ons almal saam met Paulus die konflik tussen om te weet wat die Here verlang, en om die verkeerde in die plek daarvan te gaan doen.*

'n Mag wat sterker as ons is, dryf ons – soos 'n slaaf verkoop aan die sonde . . . !

Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek. (Romeine 7:15 AFR1953)

- Hierdie ervaring verklaar die algemene verset wat mense dikwels teen veral die Tien Gebooie het.
- Ons beskou oor die algemeen die Tien Gebooie as ons vyand – so asof die Tien Gebooie ons sondes bewerk, en ons in die vaarwaters van die hel laat beland.

Daarom moet mens versigtig wees om nie net na iemand se werke te gaan kyk, en dan te dink dat sy optrede bewys hoeveel hy van die Wet verstaan nie.

- Hy kan baie meer verstaan, en nog verkeerde dinge doen.
- Elkeen van ons se lewens bewys dit elke dag.
- Vers 16 sê juis dit:

  En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is. (Romeine 7:16 AFR1953)

  Dat ek nie wil doen wat ek doen nie, beteken dat ek toegee dat die wet goed is.
  (Romeine 7:16 AFR1983)

Die feit dat ekself in verset is teen wat ek doen, beteken tog dat ek erken dat die Wet reg en goed is.

- Ek begryp dikwels die Wet baie goed, en ek begryp ook dat ek dit nog steeds oortree met my sondes.
- En dan die geweldige stryd – mis ek die doel van my lewe?

Vers 17 laat al die troos deurslaan: Die duiwel gebruik ons as instrumente. Daar woon sonde in ons.

- Ons moet daarteen stry – so hard daarteen veg dat wanneer die sonde in my lewe uitslaan, elkeen kan sien dat dit werklik nie ek is wat moedswillig en berekend sonde gaan staan en doen nie, maar dat dit die sonde in my is wat uitbreek.
- *"Nie ek nie . . . maar die sonde wat in my woon . . ."*

Nou kom ons by die dieptepunt van hierdie preek: Die apostel Paulus was nie hier besig om homself te verontskuldig nie!

- Allermins, want hy het mos die verkeerde dinge gedoen!
- Hierdie is 'n noodkreet wat elkeen van ons moet ken sodat ons waarlik die pad van daaglikse bekering kan loop!
- Dis die noodkreet dat my lewe die konflik ken van om te wil, maar tog te moet belewe dat ek

buig onder die geweld van die sonde.

Dit is nie God se wil waaraan ons dan nie voldoen nie, maar teenoorgesteld – dis die sonde waaraan ons wel voldoen.

Nou kom ons by ons eie belydenis (die Bybel beweeg ons in hierdie gedeelte daarnatoe):

- Ek weet mos dat die goeie nie in my woon nie – immers nie in my sondige aard nie.
- Dit is vers 18.

  Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie.
  (Romeine 7:18 AFR1953)

Kyk weer daarna. Daar word baie fyn gesê waar die probleem tusen ons en die Here lê: Ons is nie self sonde nie.

- Ons aard is sondig, en in ons aard is die goeie nie te kry nie.
- Ons self is goed – daarom wil ons werklik die goeie doen.

Kyk net na vers 22, waar die Heilige Gees skryf hoe die ware Christen voel oor die dinge: Diep in my wese vind ek vreugde in die Wet van God.

> **Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien ’n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.** (Romeine 7:22-23 AFR1953)
>
> ***Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God, maar ek vind in my doen en late ’n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my ’n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is.*** *(Romeine 7:22-23 AFR1983)*

Let ook net op dat die apostel Paulus hier die woord ***wet*** in vier totaal verskillende betekenisse gebruik (v. 22, 23):

1. Die wet van God
2. ’n Ander wet in my doen en late
3. Die wet van my gees
4. Die wet van die sonde

Ons teksvers word ook daar herhaal – net in ander woorde: **dit maak my ’n gevangene van die wet van die sonde!**

So kom ons volgende Sondag weer luister na die bediening van God se Woord.

- Elkeen van ons kom met die besef dat ons ’n prooi van die dood is.
- As ons eerlik is en sien hoe elkeen van ons – ek en elkeen van u – in hierdie skema van Paulus inpas, sal ons met ’n groot verlange Woordverkondiging toe kom om te hoor dat daar hoop is.
    - Paulus het dit emosioneel uitgeroep dat hy ’n ellendige mens is.
    - En hy het uitgeroep: Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?

Die antwoord op sy vraag oor wie ons van hierdie doodsbestaan sal verlos, word ook in vers 24 gegee:

- **Aan God die dank!**
- Hy doen dit deur die Here Jesus Christus, ons Here.

Hoe? Dis waarom u na die Woordbediening toe kom, want daar verkondig die Here dit:

- Die Here Jesus het gesterf.

- Nou gee Hy aan elkeen wat hierdie gevoel van verlorenheid ervaar, die versekering dat hulle nie meer bekommernis hoef te hê nie.
- Hy het gaan sterf en opgestaan om hierdie mag wat ons so rondstoot in die spore van die dood, te oorwin.

Ons kry nog ’n toekomsversekering ook daarby: Hy het ook juis gesterf sodat die sondes wat teen ons wil in ons oorgebly het, ons vergewe kan word.

Hoe weet ek dit?

- Juis die feit dat ek belewe dat ek aan die sonde verkoop is soos ’n slaaf.
- Dit is die sonde wat my moet dwing om sonde te doen – want uit myself wil ek nie dwing, want ek hang God se wil aan.
- Ek is ’n slaaf wat teen my wil moet sondig, terwyl ek stry met al my mag om tog liewer goed te lewe tot God se eer.

As jy hierdie konflik beleef, dan het jy jou bewys, want die ongelowige beleef nie hierdie konflik nie – hy mis die doel van sy lewe.

Dan het jou lewe, en myne, weer sin.

- Dan kan ek vorentoe leef om hierdie konflik voort te sit tot die dag van my dood.
- Want die doel van my lewe is om God te verheerlik, en in die lewe kan ek dit net doen as ek altyd in konflik is met die sonde.
- Ek kan dit net doen as ek – met baie pyn – aanhou stry met die doel om te verbeter tot eer van God, en uiteindelik in Christus te sterf.

Die Here Jesus se belofte aan ons is dat ons as oorwinnaars gaan sterf.

> **Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ’n God wees, en hy sal vir My ’n seun wees.** (Openbaring 21:7 AFR1953)

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 86:6 (p. 433)

6 Leer my na u wil te handel, / ’k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / ’k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 15 Julie 2007 (oggend)